**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

# die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

**ENBRITE ELEKTRIESE MPY.**
(Edms.) Bpk.
Von Wiellighstraat 9B,
POTCHEFSTROOM.
Besoek ons vir elektriese benodigdhede, hardeware, vlekvrye staal, porseleinware en tafellinne van hoë gehalte.
Telefoon: 6213

JAARGANG XXIII — WOENSDAG 21 FEBRUARIE 1968 — Nr. 3

## Groepe moet mekaar vind

### ADMINISTRATEUR

**'n Nuwe nasie is in Suid-Afrika in wording. Op 'n basis van een nasieskap moet die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsdele mekaar vind. Gebeur dit nie, is die alternatief 'n eenheid op die basis van 'n gemeenskaplike vrees**

So het mnr. Wentzel du Plessis, administrateur van Suidwes-Afrika, gesê toe hy op Vrydagaand 9 Februarie die rede gevoer het by die amptelike opening van die Universiteit en die Teologiese Skool.

**RIGLYNE**

Mnr. Du Plessis het die beginsel van gelykheid tussen die blanke bevolkingsgroepe genoem as een van die basiese riglyne wat oor jare deur volksleiers vir ons neergelê is, en gesê dat een van die probleme hieraan verbonde, die Afrikaner se vrees vir identiteitsverlies is.

As ons egter ons identiteit verloor, sal dit ons eie skuld wees. Wil die Afrikaner sy identiteit toespyker, sal dit kwyn en sterf. Dit kan en moet gedeel word, het mnr. Du Plessis gesê.

**SKADELIK**

Oor die woelinge in Afrikanergeledere het die spreker gesê dat die persone wat die eenheid wil versteur, tot verantwoording geroep sal word deur die suiwere oordeel van die geskiedenis. 'n Gestamp en stoot in instellings soos die pers kan uiters skadelik wees, en sal nie deur die volk geduld word nie.

**STRATEGIES**

Mnr. Du Plessis het gesê dat wat ons wil doen in verband met ons strategiese posisie, ons gou moet doen voordat die strominge in die wêreld ons verhinder om dit te doen. Wat elders gebeur, raak ons ten seerste.

## *By amptelike Opening*



Mnr. Wennie du Plessis (middel) by die amptelike opening afgeneem saam met die rektor, prof. H. J. J. Bingle (links), en die rektor van die Teologiese Skool, prof. S. P. van der Walt (regs).

Foto: Fotokuns

## In Memoriam

**Hendrik Schalekamp is Dinsdag, 6 Februarie 1968 op 22-jarige leeftyd bruut en onverwags uit die lewe weggeroep.**

**Nadat hy verlede jaar sy B.A.-graad verwerf het, sou hy vanjaar sy studie aan die Teologiese Skool voortsit. Die begeerte om in diens te staan van die Lewende God, om te werk in die wingerd van die aarde en as instrument te orden tot die ewige, dit was die genade van sy lewe. Maar**



**selfs dit was nie nodig nie — en sy taak is volvoer.**

**Sy lewe is afgesluit in ootmoed van die kennis van die Woord — met 'n oor wat kon hoor, en 'n oog wat kon sien. Daarom het hy geen ompad behoef nie, geen stryd meer nie, geen wanhoop en smart meer nie. Want alles vind voltooiing in God deur Christus.**

**Ons onthou 'n sportman.**
**Ons onthou 'n student.**
**Ons onthou 'n toegewyde lidmaat van die Kerk.**

**Ons bring hulde ter nagedagtenis van 'n kind van die Verbond en vir ons eggo dit in blydskap deur die golwing van tyd: Die ere, ja die ere alleen aan God die Here.**

**C. J. SMIT**

## Internasionale geldwese bespreek

**Prof. J. A. Lombaard, hoof van die departement Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria, is op Woensdag 28 Februarie die hoofspreker by die eerste byeenkoms wat vir vanjaar deur die Sentrum vir Internasionale Politiek gereël is.**

Prof. Lombaard, wat 'n deskundige op die gebied van die internasionale geldwese is, praat by die geleentheid oor „Die huidige internasionale monetêre toestand en die betekenis daarvan vir die internasionale politiek."

**FRANKRYK**

Aspekte van die onderwerp wat die aandag sal geniet, is o.a. die verhoging van die goudprys en Frankryk se houding in die geldkrisis.

'n Woordvoerder van die Sentrum het gesê dat as in aanmerking geneem word dat 'n verandering in die goudprys vir Suid-Afrika as goudprodusent verrykende gevolge kan hê of dat 'n wending in die Vietnamese oorlog die internasionale geldwese ten seerste kan beïnvloed, die werklike belang van so 'n onderwerp blyk.

**WELKOM**

Die byeenkoms, wat in samewerking met die Ekonomiese Vereniging gereël word, begin om 7.30 nm. in kamer 100 van die Frans du Toit-gebou. Almal is hartlik welkom.

## Nuwe Puk kom van ver af

**'n Sewentienjarige groentjie uit Helsinki, Finland, het onlangs 7,500 myl per vliegtuig afgelê om aan die Potchefstroomse Universiteit as B.Sc.- (geologie) student in te skryf. Sy naam is Kari Personen.**

Met hierdie rit uit die koue het Kari Personen een van die hartewense van sy oorlede stiefvader, mnr. H. Martola, vervul.

**AMBASSADEUR**

Mnr. Martola was van 1957 tot 1962 ambassadeur van Finland in Suid-Afrika. Gedurende 1962 is mnr. Martola as ambassadeur na die Midde-Ooste gestuur. Tydens die oorlog verlede jaar tussen Egipte en Israel is al die Finse ambassadeurs vir samesprekings na Helsinki ontbied, waar mnr. Martola skielik oorlede is.

**BEVRIEND**

Kari se wettige voogde in die Republiek is mnr. Luctor Roode, stadsingenieur van Lichtenburg, en sy vrou Anna, bekende skryfster van handboeke vir Engels as tweede taal. Die Roodes het tydens mnr. Martola se verblyf in Suid-Afrika goed bevriend geraak met die ambassadeursgesin. Karie se moeder woon tans naby Helsinki.

**BLY**

En wat sê Kari self?

„Ek is bly om terug te wees en om hier aan 'n universiteit te kom studeer. Dis nog net die hitte na die koue van Finland."

Kari was ook vir 'n gedeelte van sy skoolopleiding in Suid-Afrika en wel in Potchefstroom.

## -- *Prof. F. J. J. Coetzee* --

**Die P.U. vir C.H.O. is op 11 November 1967 swaar getref deur die skielike heengaan van prof. F. J. J. Coetzee op die vroeë leeftyd van 51 jaar.**

**Prof. Coetzee was soos verskeie van ons dosente 'n Ventersdtadter van geboorte. Nadat hy die B.A.-graad en onderwyskwalifikasie verwerf en op verskeie plekke skoolgehou het, het hy besluit om aan die begin van die veertigerjare voltyds vir die B. Comm-studie aan hierdie Universiteit in te skrywe. Na die voltooiing van hierdie studie het hy weer gaan skoolhou, maar in 1952 is hy as dosent aan hierdie Universiteit benoem.**

**Hy het sy studie voortgesit en intussen sy meestersgraad en die B.Econ.-graad verwerf. Daarna is hy na Rotterdam waar hy gepromoveer het op die onderwerp „Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering." Na sy terugkeer is hy in 1958 tot professor en hoof van die Departement Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis benoem.**

**Hy het met groot entoesiasme aan die uitbouing van sy Departement gewerk. Sy belangstelling het veral in die rigting van die Landbouekonomie en Koöperasiewese gelê. Hy het 'n uitgebreide studiereis oorsee onderneem en belangrike oorsese kongresse oor koöperasie bygewoon met die doel om die beste dienste aan die koöperatiewe beweging in Suid-Afrika te lewer. In 1965 stig hy dan ook die Instituut vir Koöperasiewese aan hierdie Universiteit. Hy is erken as deskundige op die gebied van koöperasiewese in Suid-Afrika en het op verskeie liggame in hierdie verband gedien.**

**Hy was 'n stille maar doelbewuste werker, iemand wat besonder simpatiek teenoor sy studente gestaan het en geen moeite ontsien het om hulle met raad en bystand te dien nie. Hy het nog oë ideale vir**



**sy Departement gekoester en sy vroeë heengaan was gewis 'n swaar verlies nie alleen vir sy huisgesin en familie nie, maar ook vir die gemeenskap van die Universiteit en vir ons land.**

**Ons bede is dat sy eggenote en gesin die nodige vertroosting en krag sal ontvang.**

**D. J. VILJOEN**

## *Geklassifiseerde advertensies nou aanvaar*

**In oorleg met die Advertensieburo van die Studenteraad het die redaksie van Die Wapad besluit om voortaan geklassifiseerde advertensies vir plasing aan te neem.**

**As daar dus lesers is wat enigiets te verkoop het of wat op soek is na iets om te koop of te ruil kan hulle nou van die geleentheid gebruik maak om dit in Die Wapad te adverteer.**

**TARIEF**

**Die tarief is soos volg: 25c vir die eerste tien woorde of minder en daarna 2c per woord. Betaling geskied kontant by indiening van die advertensie.**

**Advertensies, wat getik of in leesbare drukskrif moet wees, kan in bussie 7 (die van die Advertensieburo) gegooi word voor twaalfuur op die Vrydag voor die verskyning van die betrokke Wapad. Elke advertensie moet vergesel wees van 'n aparte vel papier met die naam en adres van die adverteerder.**

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
**BULT-APTEEK**
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
KOPERWARE
TOMSTRAAT 88B & C
FOON 5943, 3377

die WAPAD

WOENSDAG 21 FEBRUARIE 1968

# VAKANSIEWERK

EEN van die beskuldigings wat redelik algemeen teen studente voorkom, is dat hulle gedurende hulle studiejare ekonomies totaal onproduktief is, dat hulle die staat en hulle ouers se geld mors, en les bes, dat hulle hopeloos te veel vakansie kry wat andersins akademies nuttig gebruik kon gewees het.

Nie al te lank gelede nog nie moes ons laasgenoemde twee beskuldigings in feitlik soveel woorde in 'n landswye weekblad verneem van 'n artikelskrywer wat sy stellings boonop met die skrikwekkendste syfers gestaaf het.

Ons is die laaste om te wil ontken dat dit 'n aansienlike bedrag kos om 'n student op universiteit te hou, en dat die universiteite se somervakansie ietwat langer as die skole s'n is, gee ons graag toe. Maar het iemand al ooit werklik die moeite gedoen om die implikasies hiervan in te sien of selfs wetenskaplik te gaan bepaal?

Waarop ons sinspeel, is die feit dat 'n groot deel van Suid-Afrika se studente (miskien die grootste deel), nie hulle vakansies by plesieroorde verwyl of hulle tot oorlas maak vir al wat leef, soos ons kritici blykbaar glo nie, maar in werklikheid vakansiewerk in verskillende bedrywe verrig, wat, as dit in terme van geld bereken moet word, sekerlik in die omgewing van sewe syfers sal beweeg.

Wat meer is: 'n baie groot gedeelte van hierdie geld word as studiegeld gebruik. En wat nog meer is: Al hierdie werk wat verrig word, is nie die resultaat van werkgewers se vrygewigheid nie. Baie studente sal kan getuig dat die werk wat hulle gedurende vakansies verrig, die loon werd is. Eweens sal baie werkgewers kan getuig dat hulle maar te bly is om gedurende Desember en Januarie oor die dienste van studente te beskik.

Of alles wat ons hierbo beweer het, nou ook al opgaan al dan nie, wil 'n mens graag die wens uitspreek dat baie meer werkgewers die gebruik van studente tydens vakansies sal oorweeg, nie alleen tot hulle eie voordeel of die van die gewraakte studente nie, maar selfs tot die van ons land.

En wat van ons as studente self? Het die tyd nie lankal aangebreek dat ons ook in hierdie saak saamspan en tot groter koördinasie kom nie? Te midde van al die verenigings en besture sal 'n buro wat hom met hierdie saak besig hou, miskien glad nie onvanpas wees nie. Of hoe?

# INSKAKELING

DIE oriëntering of inskakeling van 1968 se eerstejaars is verby.

Oor hierdie jaarlikse proses, wat verlede Saterdag ten einde geloop het, wil ons nie nou hier kommentaar lewer nie. Die verslag van die Eerstejaarskomitee van die Studenteraad word eersdaags uitgebring, en na aanleiding hiervan sal daar wel besin kan word oor die oriëntasieproses soos dit hom tans op die P.U.-kampus voordoen.

Met die formele proses van oriëntasie is egter nog nie alles bereik nie. Inderdaad kan beweer word dat wat betref die werklike inskakeling van die eerstejaar by die studentelewe in al sy aspekte nog maar 'n klein begin gemaak is.

Die groot taak wat nog voorlê, vir seniors sowel as eerstejaars, is om te sorg dat die eerstejaars, met hulle onderskeie belangstellings, in die verenigingslewe aan die P.U. opgeneem en geïntegreer word.

Ons studentelewe aan hierdie universiteit is 'n veelsydige een. Haas geen sportsoort is daar wat hier nie beoefen word nie. Haas geen belangstelling op kulturele gebied is daar wat nie in een of ander vereniging uitgeleef kan word nie.

Ons wil aan die eerstejaars sê: U het na hierdie universiteit en hierdie studentegemeenskap gekom uit 'n gemeenskap waar u u belangstellings op verskeie wyses uitgeleef het. Hier word u in die geleentheid gestel om dit voort te sit, en selfs deel te neem aan bedrywighede wat u voorheen nie geken het nie. Die studentelewe aan die P.U. staan oop vir u. Deur u deelname kan en moet dit versterk word.

Aan diegene wat gelukkig is om hulle met hulle eie wêreldjie besig te hou en aan die verenigingslewe geen erg het nie: ons hoop u geniet u verblyf hier, maar ons hoop ook u kom tot beter insigte voordat dit te laat is.

Aan die seniors: u is reeds ingeburger in die georganiseerde studentelewe. Op u skouers rus die taak om die eerstejaars in te skakel by u bedrywighede met die mins moontlike wrywing en ontwrigting. Alleen op die manier kan ons studentelewe steeds sterk en lewenskragtig bly.

En wat betref daardie bedrywighede waar ons as studente aan die P.U. as 'n eenheid optree: gee daar ook u heelhartige samewerking. Niemand verwag van u om soos 'n kuddedier op te tree en maar net saam te hardloop nie. Maar van u word verwag lojaliteit teen u nuwe Alma Mater en die studentegemeenskap. Wie daartoe bereid is, kan in elk geval nooit identiteitsloos wees nie.

# In U Lig

Psalm 103

'n Psalm van Dawid.

Loof die Here, o my siel en alles wat binne-in my is ,sy heilige naam!

Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,

wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierendheid en barmhartighede,

wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos die van 'n arend.

Die Here doen geregtigheid en reg aan almal wat verdruk word.

Hy het aan Moses sy weë bekend gemaak, aan die kinders van Israel sy dade.

Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie.

Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.

Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.

So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.

Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat hom vrees.

Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.

Die mens — soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy.

As die wind daaroor gaan, is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie.

Maar die goedertierenheid van die Here is van ewigheid tot ewigheid oor die wat hom vrees, en sy geregtigheid vir kindskinders.

vir die wat sy verbond hou en aan sy bevele dink om die te doen.

# - Deur My Lens -

Mens wonder dikwels oor die funksie (en die nut) van 'n rubriekskrywer. Moet hy troostend en stigtelik die standpunt van 'n gemeenskap vertolk? Of dan gemoedelik kommentaar lewer oor die dingetjies wat elke dag tussen ons plaasvind. En veral nie die mense se humeure beproef nie.

**REBEL**

**Nou ja, veel kan gesê word, maar ek meen tog 'n rubriekskrywer (veral anoniem soos hier — o die heerlike wonder wie hy is!) moet 'n soort rebel wees. Hy moet die dinge naak en eerlik sê — en veral dit waarvoor ons ander bang is — en dit vurig sê met die hartstog van die woord. Hy moet die gewete word van diegene onder ons wat heerlik toegespin is in hul selftevredenheid en eiewaan.**

Nou is daar vir die rubriekskrywer verskillende weë oop om sy „boodskap" in te vergestalt: Hy kan kwetsend, ironies, ernstig, humoristies satiries, gemoedelik ens. te werk gaan. Dit hang af van sy toonaard, sy skryfaard en die belangrikheid van die saak voor hande waarop hy „kommentaar" wil lewer.

Ook hang dit af of die saak hom bitter stem of woedend of hy dit net eenvoudig belaglik en simpel vind. M.a.w. in 'n rubriek het ons te doen met 'n enkele mens se voorkeure, sy logos van 'n beginsel of mistasting daarvan ens. ens.

**KLAPPE**

In die lig van voorafgaande besinning en die feit dat ek dit my aanmatig om te skok of te troos, wil ek vandag humoristies-vriendelik, soos my kollega in 'n ander rubriek van 'n weekblad, 'n paar klappe uitdeel: 'n klap vir die Studenteraad omdat hulle nie massauitkenningsparades toegelaat het nie. Het hulle daaraan gedink dat letterlik honderde ou manne daardeur hulle regte helfte misgeloop het?

'n Klap vir die ou dames en here wat nie die eerstejaars na wense kort gevat het nie. Die spesies is besig om ons te vertrap. (Nietemin 'n hartelike welkom aan hulle by die leserskring van so 'n gesofistikeerde en gesogte rubriek soos hierdie).

**TAAI KLAP**

'n Laaste taai klap aan diegene wat dink dat (a) Reflector verlig of verkramp is; (b) wat nie gereeld hierdie rubriek lees nie; (c) wat nie saam met my bly is dat S.A. terug is in die Olimpiese Spele. Ons hoop net dat ons nie op morele gronde gedwing sou word om terug te staan nie, as te veel lande die spele sou boikot.

Maar om by die lokale te bly: die sogenaamde ontgroening, inlywing, inskakeling, inburgering, saggies en teer-sorgsame inname by ons (of wat word dit nou genoem?), was 'n volslae mislukking. Die Studenteraad moet met iets defintiefs vorendag kom, 'n uitgewerkte program (moenie gemengde uitkenningsparades vergeet nie!) Die amoreuse is die hartklop van 'n universiteit.

**VRUGBAAR**

Vanuit my outsiderskap 'n laaste woord: ek hoop dat al die besture, komitees ens. 'n baie vrugbare jaar sal hê. Ek hoop ook dat die owerhede, in ons groter wordende studentegetal, 'n simpatieke oor sal hê vir ons finansiële probleme; dat daar vanjaar al sal begin word met 'n nuwe studentesaal o.a.

REFLECTOR

GISELA MAIWALD
Fotograaf en Fotografiese dienste.
TOMSTRAAT 100
POTCHEFSTROOM


BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM,
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
LOMBARDSTRAAT 47
KERKSTRAAT 69
TELEFOON: 4351/2/3
GEMAGTIGDE
—FORDHANDELAARS—
ANGLIA — CORTINA — CORSAIR — ZEPHYR — ZODIAC — FAIRLANE en GALAXIE
Asook:
Vespa
en
Lambretta
BROMPONIES

VIR AL U APTEKERS- EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE BESOEK:
APTEKERS J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118
Potchefstroom
TELEFOON: 3237

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.
Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die
Jongste Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

# Losvoor!?




# R28,000 of 'n boete: Dit 's die vraag

**R28,000! Dit is vir die dames van Karlien, die nuwe dameskoshuis die enigste oplossing in 'n poging om hulle hoë polvye te red (die alternatief is etlike rande boete as hulle dit sou waag om 'n kortpad oor die spoorlyn te kies.)**

Dit spruit voort uit die feit dat die dames telkens „myle" ver moet stap om hulle daaglikse klasse by te woon. Indien die P.U. 'n brug sou wou oprig, sal dit om en by R28,000 kos.

**TEVREDE**

Die nuwe koshuis, ook die hoogste gebou op die P.U., is aan die begin van vanjaar betrek en die nuwe inwoners is baie tevrede en sê dat hulle werklik trots op hulle pragtige moderne gebou is.

**EENHEIDSGEES**

Dames van verskeie ou koshuise het oorgetrek na Karlien en hoewel daar voorheen gemeen is dat onderskeie koshuis-groepies gevorm sou word, as gevolg van die groot getal inwoners, heers daar reeds 'n sterk eenheidsgees en almal is vol moed om nog diep spore in die koshuis-geskiedenis van die P.U. te trap.

Daar is nog dinge wat moeilikheid gee soos die elektriese muurproppe wat nog nie bereid is om hulle dienste permanent aan te bied nie. Die dames sal nou maar beurte moet maak om saans te kan studeer! (In die donker kan 'n mens in elk geval nie sien nie.)

Daar is ook nog net een van die 8 telefone beskikbaar en die is nie van die poskantoor afkomstig nie maar wel van die inwoners van Dawie Dup-Noord, wat dit baie goedgunstiglik aan die dames afgestaan het.

**EETSAAL**

Die nuwe eetsaal is nou ook al in gebruik. Dit gaan redelik vlot met die nuwe reëlings daar, behalwe met die lugreëling, maar daarvoor kompenseer die periodieke heildronke van die mansstudente.

Laasgenoemde gebruik glo deesdae die dakke van die onderskeie koshuise in die omgewing van Karlien baie meer vir sosiale verkeer as ooit te vore.

# Skaakklub het groot planne sê voorsitter

**„Die Skaakklub aan die Puk het homself in die verlede bewys as een van die mees entoesiastiese en bedrywigste verenigings, en ons sal alles in ons vermoë doen om hierdie jaar daarmee voort te gaan."**

So het mnr. Mac van der Merwe, voorsitter van die klub, in 'n onderhoud aan die Wapad gesê.

**SKOONSKIP**

**Die klub het verlede jaar uitstekend gevaar. Nie alleen het hulle skoonskip gemaak in die Potchefstroomse liga nie, maar hulle het ook daarin geslaag om tydens Intervarsity gelykop teen die Kovsies te speel en verskeie gedugte klubs, o.a. U.P.-buitemuurs, te klop.**

**STAATMAKERS**

Mnr. van der Merwe het gesê dat hoewel die span vier van sy staatmakers verloor het, hy vol moed is vir die jaar wat voorlê. Vir die liga is weer ingeskryf en verskeie wedstryde is gereël teen ander klubs.

Die klub vergader Maandaeaande in die Dierkunde-laboratorium en almal wat enigsins in skaak belangstel, is hartlik welkom, het mnr. Van der Merwe gesê.

## Jaques Loots

Mnr. Jaques Loots, lektor in die departemente Drama- en Toneelkunde en Spraak- en Vertolkingsleer, vertolk in die nuwe Afrikaanse rolprent „Die Kandidaat" een van die belangrike rolle.

Mnr. Loots, wat vroeër aan die S.A.U.K. verbonde was, vertolk in die film, wat onder die regie van Jans Rautenbach staan, die rol van ds. Peroldt. Die hoofrol in die film word vertolk deur Roelf Jacobs, 'n oud-Poot en tans verbonde aan die S.A.U.K.

## *Koöperasiewese deur deskundiges bespreek*

'n Geslaagde simposium oor Koöperasiewese is op 19 Januarie deur die Instituut vir Koöperasiewese van die Potchefstroomse Universiteit in samewerking met die Koöperatiewe Raad van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie gehou.

Al die referate is gelewer onder voorsitterskap van prof. D. J. Viljoen, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe aan die P.U.

**TER WOORST**

**Die hoofspreker was dr. G. J. Ter Woorst van Amsterdam. Hy word as een van die beste kenners van die koöperasie-praktyk in Europa beskou. Sy verhandeling het gegaan oor die ekonomiese aard van Koöperasies.**

Ander sprekers was mnr. H. C. van Rensburg, registrateur van Koöperasies en prof. W. F. J. Steenkamp van die Universiteit van Suid-Afrika, wat ook voorsitter van die Staatsondersoekkommissie na Koöperatiewe aangeleendhede is.

## *Nuwe koshuis in aanbou*

Daar is begin met die oprigting van 'n nuwe dameskoshuis op die oop stuk grond wes van Huis Karlien en noord van Over de Voor.

Die koshuis, wat hopelik teen Januarie 1969 voltooi sal wees, sal 250 inwoners huisves, en sal beskik oor 'n kelderverdieping wat as fietsloods gebruik sal word.

**KOMPLEKS**

Saam met Over de Voor, Dawie Doep en Huis Karlien sal die nuwe koshuis deel uitmaak van die uiteindelike kompleks vir damesstudente wat rondom die nuwe eetsaal sal sentreer.

## Nagraadse Puk na Antartika

'n Navorser in die departement van Fisika, mnr. Danie Joubert, is die leier van die negende Suid-Afrikaanse Antartiese ekspedisie wat verlede Donderdag beheer oorgeneem het van die SANAE-basis op Antartika.

**JONGSTE**

**Die sewe en twintigjarige mnr. Joubert is die jongste persoon wat tot dusver aangewys is as leier van die ekspedisie.**

Mnr. Joubert het ook die ekspedisie van 1965/66 meegemaak as fisikus en het sy verblyf in Antartika so geniet, dat hy sonder aarseling aansoek gedoen het om vanjaar weer te gaan.

Saam met mnr. D. P. J. Smith, 'n fisioloog, is mnr. Joubert die enigste lid van die span wat reeds in Antartika was.



**Wie het gesê die Puk se seniors is nie mensliewend nie? Op die foto word 'n eerstejaar ewe vriendelik deur 'n paar van Uitspan se veterane verwelkom. Heel links is Flip Buys, langs hom Kraal Kirstein en derde van regs Jan Schutte.**

**Foto: Fotokuns**

## Sportsentrum vir Maties

'n Sportsentrum wat na verneem word enig in sy soort in Suid-Afrika sal wees, sal binnekort werklikheid word by die Stellenbosse Universiteit wanneer die argitekplanne gefinaliseer is.

Vir elke sportsoort sal daar in die moderne gebou wat heelwaarskynlik naby Coetzenburg gebou gaan word voorsiening gemaak word. Daar sal 'n binnenshuise saal en filmkamer wees. Hier sal sporttegnieke op groot skaal beoefen kan word.




Leweransiers van P.U.

Kleure

# KUNSGESELSIE

'n Mens wonder soms aan wie ons die meeste te danke het in ons samelewing, die kunstenaar of die wetenskaplike. Eintlik kan hul nie geskei word nie maar party mense beweer dat die kunstenaar oorbodig is. Ander meen weer dat die wetenskaplike te tegnies is en nie in die geestelike belang stel nie.

**PARALELLE**

Hulle is egter albei verkeerd want vanaf die heel vroegste beskawings tref ons die paralelle posisie aan tussen die kunstenaar en die wetenskap. Neem bv. die Egiptiese piramide; hier is dit duidelik dat die wetenskaplike tog ook 'n begrip van skoonheid of te wel kuns gehad het in die beplanning van die piramide.

'n Kunstenaar het ook dikwels wetenskaplike belangstelling en of aanleg. Leonardo da Vinci asook Michelangelo is beroemde kunstenaars maar albei was ook kenners op die gebied van anatomie. Da Vinci het ook verskeie moderne apparaat ontwerp bv. 'n vliegtuig, drukpers, duikboot en ratte wat in mekaar draai.

**GESKEI**

In ons hedendaagse lewe is die wetenskaplike en kunstenaar meer geskei as gevolg van die meer professionele en gespesialiseerde tyd wat ons beleef. 'n kunstenaar is vandag afhanklik van die wet om aan hom middele en materiale vir sy kunsskeppings te vervaardig. Die boesmankunstenaar was egter 'n wetenskaplike ook aangesien hy met klei, wortelsappe en grond sy eie verf vervaardig het.

Die hedendaagse wetenskaplike laat die vorming van kuns geheel en al oor aan die kunstenaar wat die kultuursy van die kuns betref. Hy beoefen tog in 'n mate die tekenkuns in die sketse van uitvindings of ontwerpe van wetenskaplike masjinerie. Hier en daar is daar egter uitsonderings waar kuns en wetenskap so verbind word in 'n professie dat albei omtrent gelykstaande waarde het bv. argitektuur.

Oral is kuns en wetenskap saam teenwoordig. Dink bv. aan die radio wat wetenskaplik uitgedink is maar tog die musiek aan ons bring wat weer deur die komponis op sy beurt nie algeheel gekomponeer is a.g.v. sy emosionele inspirasie nie. Die wetenskap of logiese vorm van die musiek is steeds teenwoordig. In 'n ander bekende voorwerp soos die motor of enige ander vervoermiddel tref ons weereens die tegniese maar ook die estetiese aan. So kan mens aanhou om voorbeelde op te noem.

**TYD TOT TYD**

Kuns en wetenskap verskil van volk tot volk en van tyd tot tyd. 'n Volk se tradisie en godsdiens bepaal in 'n groot mate hoe sy kuns en wetenskap met mekaar verbind sal wees. Die Grieke se godsdiens het die drang tot die afbeelding van hul gode geskep. Die wetenskaplike moes egter die wyse en middele voorsien waarop die marmer verkry en bewerk kon word.

Die Romeine het later die oorwinning van ander volkere in 'n mate as 'n tradisie beskou, ook om hul prestige te handhaaf; so moes die tegnici dus brue en paaie voorsien maar die skoonheid in die werk is nooit uit die oogpunt verloor nie. Dink bv. maar aan die aquaducts, colloseum en die bekende Via Appia.

Hieruit is dit duidelik dat die een nie sonder die ander kan klaarkom nie en ook dat die kuns en wetenskap nie geskei kan word nie aangesien hul te verstrengel is in mekaar.

## BEROEMDE KUNSTENAARS NA POTCHEFSTROOM GEBRING

**Die Potchefstroomse Universiteit bied vanjaar ses Meesterskonserte aan waarin wêreldberoemde kunstenaars optree.**

Hanlie van Niekerk tree in die eerste van hierdie reeks konserte op. Sy is 'n beroemde Suid-Afrikaanse sopraan wat die afgelope paar jaar groot opgang gemaak het in Europa vanweë die skoonheid van haar stem en die artistieke rypheid van haar vertolkings.

**IL SERAGLIO**

Hierna volg die opera „Il Seraglio" van Mozart wat met volle décor, kostuums en orkes deur Truk aangebied word. Van die soliste wat optree is o.a. Gert Potgieter, Virginia Oosthuizen en Öystein Liltveld.

**FRANKL**

Nog 'n hoogtepunt sal die optrede van Peter Frankl, die briljante Hongaarse pianis wees. Dan is daar nog die Tel Avivstrykkwartet wat as een van die wêreld se beste strykgroepe beskou word, wat op 17 Augustus in die Totiussaal optree.

**WEENSE SEUNSKOOR**

**Die uitvoering wat by verre seker die gewildste sal wees is die van die Weense Seunskoor. Hulle is alom bemind en het geen bekendstelling nodig nie.**

'n Groot aantal seisoenkaartjies is reeds verkoop en voornemende konsertgangers moet besprekings vir die onderskeie konserte veertien dae voor die tyd, dophou.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

# Reuse kultuursaamtrek

## Reëlings Vorder Goed

**REëLINGS vir die kultuursaamtrek wat gedurende die Aprilvakansie aan die P.U., gehou word, vlot goed. So het mnr. Jan-At Kruger, voorsitter van die A.B.K.K. en van die komitee belas met die reëlings van die saam trek, in 'n onderhoud aan Die Wapad gesê.**

**Mnr. Kruger het gesê dat die grootste gedeelte van die organisasie vir die saamtrek reeds agter die rug is. Saam met die saamtrek, wat die eerste van sy soort aan 'n Afrikaanse universiteit sal wees, word drie gespesialiseerde kursusse, naamlik 'n volkspelekursus, 'n toneelkursus en 'n koorleierskursus aangebied.**

Die saamtrek word op Maandag 8 April deur die minister van Nasionale Opvoeding en van Inligting en kanselier van die P.U. sen. Jan de Klerk, geopen.

**RUPERT**

Onder die sprekers wat voor die saamtrek, wat die heel week sal duur, sal optree, is dr. Anton Rupert, die bekende Kaapse ekonoom, wat oor die Afrikaner en sy ekonomie sal praat, dr. A. P. Treurnicht, redakteur van die nuwe dagblad in Pretoria, en die rektor, prof. H. J. J. Bingle.

Ander sprekers wat referate sal lewer, is dr. Piet Meyer, prof. P. D. van der Walt, prof. Hertzog Venter, prof. G. Dekker, regter Kobie Marais, prof. Olivier van die Universiteitskollege vir Indiërs, drr. T. van der Walt en A. G. Kellerman en mnr. Ben de Klerk, president van die A.S.B.

**A.S.B.**

**Die saamtrek word onder beskerming en in samewerking met die nasionale A.S.B. gehou en vind dan ook gelyktydig met die jaarlikse A.S.B.-kunsfees plaas. Mnr. Hennie Smit, direkteur van kulturele aangeleenthede van die A.S.B. is op die oomblik besig met die geldinsameling vir die saamtrek. Dit word beraam dat die saamtrek, waar sowat 600 studente van oor die hele land verwag word, etlike duisende rande sal kos.**

Wat betref die verskillende kursusse wat gereël word, het mnr. Kruger gesê dat reëlings in hierdie verband ook reeds ver gevorder het. Die dienste van deskundiges is verkry vir die aanbied van die kursusse en die belangstelling daarvoor loop hoog. Inskrywingsvorms en reklamebiljette sal binnekort aan alle sentra gestuur word.

**UNIEK**

„Ons sien uit na hierdie saamtrek," het mnr. Kruger gesê, „en ons wil die versekering gee dat dit vir elkeen wat dit bywoon, 'n unieke ondervinding sal wees."



**Die Weense Seunskoor, wat in die tweede helfte van die jaar 'n uitvoering in die Musiekkonservatorium gee tydens hulle toer deur Suid-Afrika.**

# Handleiding vir eerstejaars

**Die departement van Ontwikkeling aan die P.U. het vanjaar begin met die uitgee van „Die Nuwe Pukkie" as handleiding vir nuwe studente. Die departement beoog dat dit as aandenking sal dien van die eerste kennismaking met die P.U.**

Vanaf 'n welkomswoord deur die rektor, prof. Bingle tot die lys van sakeondernemings in Potchefstroom, is die boekie vol interessanthede en noodsaaklike kennis vir die nuweling. Dit bevat o.a. 'n volledige verklaring van die Pukwapen en leuse asook 'n Pukwapen op 'n los vel glanspapier gedruk.

**UITEENGESIT**

Die beginsels van die universiteit, die ontstaan en groei, fakulteite en kursusse, studentepublikasies en praktiese studiewenke word breedvoerig uiteengesit en kan vir die student van groot waarde wees. In die biblioteek, die georganiseerde studentelewe en op die sportterrein behoort die eerstejaar volkome tuis te voel. Verder is die blaadjie volledig met foto's toegelig.

Die werkie dien inderdaad as aanbeveling en leiding op die P.U.-kampus.

## Prof. Offermeier lewer rede

Prof. dr. J. Offermeier, professor en hoof van die Departement Farmakologie, lewer sy inougerele rede op Vrydag 25 Februarie in die Konservatoriumsaal.

Die rede sal handel oor Farmakologie en die verrigtinge neem om 7.00 nm. 'n aanvang.

## P.U.-dagboekie

Daar is nog 'n groot aantal P.U.-dagboekies by die kafeteria beskikbaar teen 30c stuk. Die dagboekie bevat alle inligting wat vir die Puk-student gedurende 1968 van waarde kan wees.

## Advertensieburo in lewe geroep

Op 'n vergadering aan die einde van 1967 het die Studenteraad besluit om 'n Advertensieburo in die lewe te roep.

**KOöRDINEER**

**Die doel van die buro is hoofsaaklik om die werwing van advertensies vir die verskillende studentepublikasies te koördineer en om nouer voeling tussen adverteerders en die redaksies te bewerkstellig.**

In 'n onderhoud met Die Wapad het mnr. Nic Lessing, penningmeester van die Studenteraad en die persoon in beheer van die buro, gesê dat briewe reeds aan 'n groot aantal prominente sakeondernemings dwarsdeur die land gestuur is.

**REAKSIE**

„Tot dusver is goeie reaksie ontvang en ek is vol vertroue dat die Advertensieburo uiteindelik 'n groot sukses sal wees," het mnr. Lessing gesê.



So het dit verlede Dinsdag in die nuwe eetsaal gelyk toe die eerstejaars en hulle ouers middagete daar geniet het. Alles moontlik is vanjaar gedoen om die dag vir die ouers aangenaam te maak. Foto: Fotokuns

# Gemiddelde Brit nie vyandig

**DIE man op straat in Brittanje staan oor die algemeen baie simpatiek teenoor Suid-Afrika en die eintlike gifsaaiers teen ons land is die groepie met politieke aspirasies. So het mnr Dries du Plooy, primarius van Over de Voor en gewese onder-voorsitter van die Studenteraad, in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

**Mnr. Du Plooy het pas teruggekeer van die buiteland waar hy ses weke in Brittanje vertoef het met 'n Abe Bailey-beurs en twee weke op sy eie koste deur Europa gereis het.**

Brittanje in die algemeen het hy beskryf as baie dieselfde as Suid-Afrika. Dit is eintlik eers as mens op die Europese vasteland kom dat jy werklik 'n verskil opmerk", het mnr. Du Plooy gesê.

Die groep beurshouers het in Engeland sowel Oxford en Cambridge as een van die heel jongste en moderne universiteite besoek. Opvallend van Oxford is volgens mnr. Du Plooy die groot aantal kolleges waaruit dit bestaan en wat vroeër selfstandige inrigtings was. Die akademiese standaard wat gehandhaaf word, is baie hoog.

**NIE-BLANKES**

**Gevra na die nie-blanke vraagstuk waarmee Brittanje op die oomblik opgeskeep sit, het mnr. Du Plooy gesê dat dit opvallend is hoeveel gegradueerde nie-blankes daar is wat nie betrekkings kry nie, terwyl sekere hotelle ook nie-blankes weier. Die gemiddelde Brit het egter nie persoonlike beswaar teen verkeer met nie-blankes nie.**

**VERKNORSING**

Ekonomies verkeer Brittanje in die verknorsing. Dit het al aanleiding gegee tot die „I'm Backing Britain"-veldtog om harder te werk en op ander maniere die druk op die ekonomie te verlig. Opmerklik is dat die veldtog sterk teengestaan word deur die vakbonde.

Op politieke terrein gaan dit nie veel beter nie. Die huidige regering verkeer sterk in onguns en 'n onlangse opname deur een van die koerante het aan die lig gebring dat 89 persent van die kiesers teen mnr. Harold Wilson as premier gekant is. Die onlangse wapenverbod teen Suid-Afrika is deur die meerderheid van koerante afgekeur.

**NEDERLAND**

Oor Nederland, wat mnr. Du Plooy saam met Duitsland, Frankryk, Italië en Griekeland tydens sy reis deur die vasteland besoek het, het hy opgemerk dat baie Nederlanders uitgesproke teen Suid-Afrika is. (In Nederland het mnr. Du Plooy by mnr. Daan Wissing, lektor in die departement Afrikaans-Nederlands wat tans in Nederland is vir sy doktorale studie, mev. Wissing gewoon).

**NIE GESLAAG**

**Toe hy gevra is of die toer na sy mening geslaag het in sy doel, naamlik om beter verhoudinge tussen die Afrikaner- en Engelssprekendes te kweek, het mnr. Du Plooy gesê dat die toer na sy mening nie daarin geslaag het nie. Hy het dit beklemtoon dat 'n uiters goeie gesindheid op die toer tussen die studente geheers het, maar 'n totale verskil in uitkyk op sake het dit vir die twee groepe moeilik gemaak om mekaar te vind.**

*Met komplimente van*
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE — SKRYFBEHOEFTES

# BOSMAN: KLUBS MOET SAAMSMELT

**Die Voorsitter van die Wes-Transvaal se Rugbybond, mnr. Piet Bosman, het in sy jaarverslag, wat binnekort aan die bond se jaarvergadering voorgelê sal word, die hoop uitgespreek dat klubs in die toekoms sal saamsmelt om sterker eenhede in Wes-Transvaal te vorm.**

Hy het verder verklaar dat die stigting van nuwe rugbybonde in Suid-Afrika noodwendig tot heelwat probleme sal lei en dat die subunies, waar die betrokke bonde gestig gaan word daarby baat sal vind, maar dat dit 'n bedreiging vir bestaande bonde kan word.

Hy is daarvan oortuig dat nie net klubrugby in hierdie geval sal verbeter nie, maar ook die provinsiale spanne behoort daardeur versterk te word. Volgens hom het die afrigtingskursus wat verlede seisoen deur mnr. Piet Malan, Direkteur van Sport aan die P.U., gereël is, baie gehelp om die spelers 'n groot mate van fiksheid te gee en aan te spoor om beter rugby te speel.

**LEEUS**

**Wes-Transvaal speel vanjaar weer soos in die geval van 1962 die eerste wedstryd teen die Leeus en mnr. Bosman spreek die hoop uit dat alle spelers betyds moet fiks word om te kyk of hulle nie Wes-Transvaal se sege in 1962 kan herhaal nie.**

Die Wapad het verlede week verneem dat die Puk se eerste rugbyspan vanjaar drie toere gaan onderneem. Die een toer na Natal is klaar gefinaliseer. Die Pukke sal drie wedstryde speel teen Durban Collegians, Natal Universiteit en 'n span van Pietermaritzburg. Die ander toere is heel moontlik na Rhodesië en Noord-Transvaal.

# Bekendes word lektore

Twee bekendes in die studentelewe is vanaf die begin van vanjaar aangestel as junior lektore in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Hulle is mnr. Pieter de Klerk, oud-hoofredakteur van Die Wapad en 'n lid van die ondersoekkommissie wat verlede jaar ingrypende veranderings in die studentelewe aanbeveel het, en mnr. Pontifex Venter, Korps-verteenwoordiger op die studenteraad.

Mnr. De Klerk is aangestel as junior lektor in die departement Geskiedenis, terwyl mnr. Venter junior lektor in Wysbegeerte word.

# Minister van Verdediging na P.U.

'n Simposium deur die Seminaar vir Internasionale Politiek word op 23 Augustus 1968 aan die P.U. gehou.

Die onderwerp is die onttrekking van die Britse troepe in Oos-Indië en die terroristeaanvalle in die noorde van S.W.A. Die hoofspreker sal die Minister van Verdediging, mnr. P. W. Botha, wees.

*DIE BULT*
DAMES
HAARKAPPERSALON
ons spesialiseer...
Tomstraat 86A
Telefoon 5537

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*
Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

PARADISE RESTAURANT
Dié kafee op Die Bult . . .
dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474

# Fanie en Bea skitter

## PUKKE MAAK SKOONSKIP

**TWEE fantastiese vertonings, een 'n Suid-Afrikaanse rekord, is verlede Woensdagaand op die eerste Wes-Transvaalse liga-atletiek byeenkoms van die seisoen op die Bill Swart-ovaal in Potchefstroom deur twee Pukke gelewer.**

**Hulle is Suid-Afrika se tweede droommylatleet, Fanie van Zijl wat ook nou die 3,000 meter-rekord agter sy naam kan plaas, en die 19-jarige Bea Marais, wat 'n uitstekende tyd oor die 800 meter vir vroue opgestel het. Hulle wentye was onderskeidelik 8 min. 14 sek. en 2 min. 15.4 sek.**

Fanie se tyd is 11.7 sek. beter as die Brit, Ron Hill, se ope rekord en 12.4 sek. beter as Denis Spence van Natal se amptelike rekord. Sy tyd volgens die Portugese puntetabel is gelyk aan 'n twee myl-tyd van 8 min. 53.1 sek. As daar in ag geneem word dat Van Zijl die vorige twee dae baie hard geoefen het is dit 'n skitterende prestasie.

### DERDE WEDLOOP

**Na Woensdagaand kan 'n mens Bea Marais in dieselfde asem noem as Anne McKenzie en die jong Thea Kitshoff van die Westelike Provinsie, twee van ons heel beste vroue-halfmylatlete. Sy het Woensdag aan haar derde wedloop oor die 800 meter deelgeneem en met 25 sek. op haar vorige beste tyd verbeter. Dit laat 'n mens wonder of Bea nie binnekort met 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekord vorendag gaan kom nie.**

Dawid Booysen wat ook vanjaar aan die P.U. studeer, kon net nie daarin slaag om die gewig verder as 60 vt. te stoot nie. Sy wenafstand was 59 vt. 6 dm. In die diskusnommer het hy die beste afstand van sy loopbaan gehaal, nl. 164 vt. 9 dm.

### VINNIGE TYD

Nog 'n bekende Puk-atleet, Willie van der Westhuizen, het die 200 meter in die vinnige tyd van 21.3 sek. afgelê. Ander Puk-atlete wat goeie vertonings gelewer het is Willie Coetzee — 14.6 sek. oor die 110 meter hekkies, Johan van der Wethuizen — 10.7 sek. oor die 100 meter, Herman Smit — 202 vt. 8 dm. vir die spiesgooi en Louis van Wijk — 3 min. 59.7 sek. oor die 1,500 meter.

Na hierdie eerste ligabyeenkoms hierdie seisoen in Wes-Transvaal kan 'n mens nie anders om atletiek uit te sonder as die provinsie se gesogste sport nie. Sowat 2,500 toeskouers het lie byeenkoms bygewoon en die grootste aantrekkingskrag was beslis die atlete van die Potchefstroomse Universiteit.

## Wes-Transvaal se span

Twee Springbokke van die Pukke, Fanie van Zijl en Willie Coetzee, is ingesluit in die Wes-Transvaalse atletiekspan wat vanaand aan die driehoekige byeenkoms tussen Noord-, Suid- en Wes-Transvaal op die Pilditch-stadion in Pretoria deelneem.

Ander Pukke wat in die span ingesluit is, is soos volg:

**Mans:** 100 meter: J. en W. van der Westhuizen. 200 meter: J. en W. van der Westhuizen. 400 meter: G. Lategan. 800 meter: G. Müldner, 1,500 meter: Louis van Wijk. 3,000: L. van Wijk en G. van Eck. Paalspring: H. Coetzee: Gewigstoot: D. Booysen en H. Smit. Skyfwerp: D. Booysen H. Smit en C. Marx. Spiesgooi: H. Smit. Aflos A-span: W. Coetzee, W. en J. van der Westhuizen. B-span: G. Lategan en D. Booysen.

**Vroue:** 400 meter: B. Marais. 800 meter: B. Marais, R. de Klerk en A. Gildenhuys. 80 meter-hekkies: D. Niehaus. Gewigstoot en Skyfwerp: C. Malan. Spiesgooi: A. Venter. Hoogspring: S. Henning. Aflos A: B. Marais. B-span: R. de Klerk en A. Gildenhuys.

Die Pukatlete het in die afgelope paar jaar die hart van die Wes-Transvaalse span gevorm en die span bestaan vanjaar byna uitsluitlik uit die draers van die Geeltruie.

## *PUKKE IS REG VIR OLIMPIESE SPELE*

**Die hertoetrede van Suid-Afrika tot die Olimpiese Spele in Mexiko vanjaar, het blykbaar ook 'n groot invloed op die atlete van die Puk gehad wat verlede Saterdag aan die jaarlikse atletiekbyeenkoms om die De Loorskild op die Pilditchstadion in Pretoria deelgeneem het.**

Fanie van Zijl, wat deesdae die een rekord na die ander voor hom wegvee, was weer op sy stukke en die Noord-Transvaalse rekord vir die 1,500 meter moes dit hierdie keer ontgeld. Fanie het uit die staanspoor voorgeloop en algaande sy teenstanders treë agtergelaat om in die uitstekende tyd van 3 min. 52.4 sek te wen. Dit is 7.7 sek. vinniger as Barry Naude se rekord. Verlede jaar was Van Zijl se tyd op dieselfde baan 3 min. 53.5 sek., maar dit is nie erken nie omdat daar nie vlaggies om die baan was nie.

Dawid Booysen het die gewigstoot en die werpskyf gewen met afstande van 57 vt. 1 dm. en 160 vt. 8 dm. onderskeidelik. Herman Smit, wat nog 'n junior atleet is het toe 157 vt. 9 dm. in die diskusnommer gehaal om tweede na Booysen te eindig. Dit was sy heel beste afstand van sy loopbaan.

### BAASSKAP

Willie Coetzee, het weereens sy baasskap in die 110 meter hekkies getoon toe hy die nommer in 14.7 sek. gewen het. Johan en Willie van der Westhuizen het ook baie goed vertoon as in ag geneem word dat hulle voor die byeenkoms in 'n motorongeluk betrokke was. Na verneem word is hulle nie ernstig beseer nie.

Die Universiteit van Pretoria het die De Loor-skild gebuit toe hulle die Pukke naelskraap met een punt geklop het. Dit is voorwaar 'n groot prestasie as daarop gelet word dat al die Puk-atlete nie eers teenwoordig was nie. As die mans- en damesatlete van die P.U. op hierdie trant kan voortgaan, sal daar 'n hele paar Geeltruie later in die jaar in Mexiko hul land op die Olimpiese Spele verteenwoordig.

J.C.S.

**Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Uitgewers: Die Studenteraad P.U. vir C.H.O.**

***INSLEEP!***

WAARHEEN ALMAL SLEEP

**Koshuisbestellings: 6039**

*Cachet Modes*

(EDMS.) BPK.

**Tomstraat 92** **Telefoon 5032**

**POTCHEFSTROOM**

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.

## REKORD VIR FANIE



**Die bekende mylhardloper, Fanie van Zijl, wat vanjaar aan die P.U. studeer. Fanie het op 21 Desember verlede jaar die tweede Suid-Afrikaner geword om die myl in minder as vier minute af te lê toe hy in Port Elizabeth 'n tyd van 3 min. 59.3 sek. opgestel het.**

## KAPTEINSBEURT DEUR COETZEE

## Eerstespan speel gelykop

**Die Puk se eerste krieketspan het verlede Saterdag 'n kans om in die plaaslike bonusliga voor te loop, met verbroude vangkanse deur hulle vingers laat glip. Dit nadat hulle reeds tweede geëindig het in die Wes-Transvaalse liga.**

Hulle het eerste gekolf in hul wedstryd teen Potchefstroom Dorp en swak begin. In een stadium was 8 paaltjies plat vir 'n skrale 48 lopies. Danie Kock moes toe kom kolf en het die fort gehou, terwyl Jos Coetzee 'n ware kapteinsbeurt gespeel het. Aan die einde van die twee uur was Jos Coetzee met 67 n.u.n. nog steeds voor die penne en so ook Danie Kock met ses n.u.n.

Dorp het toe gaan kolf en na twee uur het hulle 112 lopies aangeteken sodat die wedstryd volgens die puntestelsel onbeslis geëindig het. Paul du Randt met 4 vir 26 en Anton Welman met 2 vir 13 was die Puk se beste boulers.

### TWEEDESPAN

Die Landboukollege se eerstespan het 'n eerstebeurtoorwinning oor die tweedspan van die Puk behaal. Die Landboukollege het 112 lopies aangeteken waarop die Pukke met slegs 61 kon antwoord. John der Kinderen met 20 lopies het die beste met die kolf vir die studente gevaar, terwyl Hennie van Vuuren vier van die Landboukollege-paaltjies laat kantel het.

### DAWIE DOEP

Dawie Doep het Kompleks, die voorlopers in die koshuisliga, op die eerste beurt geklop. Dawie Doep het eerste gaan kolf en was almal uit vir 147 lopies waarvan Niel Steyn 37 aangeteken het. Kompleks was almal uit vir 129. John Kirstein het 50 lopies vir Kompleks aangeteken en Dirk Laufs 43.

Vir Dawie Doep het Chris Rautenbach ses paaltjies vir 41 lopies laat val, terwyl Chris puik agter die penne vertoon het.

L.S.D.